

21 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:14-22

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 10:16

Gemeenskap deur die bloed van Jesus

By die drink uit hierdie beker word God vir sy weldade aan sy volk geloof en geprys. Die Nagmaalsmaaltyd versimboliseer gemeenskap met Christus, besonderlik gemeenskap met die bloed van Christus. Die brood wat gebreek word, het 'n gemeenskap met die liggaam van Christus. Die bedoeling van die woorde "bloed" en "liggaam" is dan niks anders nie as die selfoorgawe van Christus aan die kruis.

Treffend gebruik Paulus hier die ampsnaam van die Heiland, omdat hy van Hom praat wat as verhoogde leef en werk. Hy wat Homself gegee het tot in die dood, ja, die dood aan die kruis, het uit die graf opgestaan en leef in die heerlijkheid by die Vader. Daarom roep die Nagmaal ons op tot geloof.

Alleen in die belydenis dat Jesus die lewende Christus is, kan die Nagmaal waarlik gevier word. Dan is die tekens van die brood en die wyn nie bloot herinneringsimbole aan die selfoorgawe aan die kruis nie. Nee, die brood en die wyn ontleen hulle betekenis aan die feit dat die lewende Christus daardeur ons wil bedien om die gemeenskap met Hom te belewe. Dit is middele in die hand van die lewende Christus om sy mense aan Hom te verbind. Daarom bely ons in Artikel 35 van die Nederlandse Geloofsbelydenis: "Tog dwaal ons nie as ons sê dat wat deur ons geëet en gedrink word, die eie en natuurlike liggaam en die bloed van Christus is nie; maar die manier waarop ons dit nuttig, is nie met die mond nie, maar met die Gees deur die geloof."

As ek glo, dan is dit myne! Ek moet dus juis daardeur tot "n nuwe lewe in ware gehoorsaamheid opgewek word.

Sing: Psalm 43:4

Ds. S (Simon) Hibbert (Koster)